Tabel A

Die dissipels getuig tot by die uithoeke van die wêreld.	1.
Jesus stuur sy dissipels uit om te gaan getuig (vertel).	2.
Die dissipels wag om krag te kry.	3.
Die dissipels getuig in Jerusalem.	4.
Jesus word in die hemel opgeneem.	5.
Jesus kom weer, net soos Hy hemel toe gegaan het.	6.
Die Heilige Gees kom na ons toe en gee vir Jesus se volgelinge krag.	7.
Die dissipels getuig in Samaria teenoor mense van wie hulle nie gehou het nie.	8.
Die dissipels getuig in Judea, die landstreek rondom Jerusalem.	9.
Jesus verskyn aan die dissipels met onbetwisbare bewyse dat Hy leef.	10.

Tabel B

Neem die agt sinne hier onder en rangskik hulle in die volgorde wat jy sou gebruik as jy vir iemand wil vertel van Jesus en wat Hy vir mense (vir jou) gedoen het.

Jy glo die Heilige Gees woon in jou en gee vir jou die krag om vir ander mense van Jesus te vertel.	**1.**
Jy vertel (getuig) van jou Verlosser.	**2.**
Jy aanvaar Jesus as die enigste Een wat jou kan verlos.	**3.**
Jy weet jy is deel van Jesus se liggaam (die kerk) op aarde.	**4.**
Jy stry teen sondige dinge wat oor jou pad kom.	**5.**
Jy weet jy gaan hemel toe omdat jy glo Jesus het jou vrygespreek.	**6.**
Jy erken dat jy soos elke mens 'n sondaar is en dat jy die Verlosser nodig het.	**7.**
Omdat Jesus jou Verlosser is, is jou hele lewe nou 'n dankie-sê-lewe.	**8.**